

5 September

Skrifgedeelte: 1 Konings 8:12-66

Fokusgedeelte: 1 Konings 8:46-50

God hoor en verhoor elke gebed van berou in die Naam van sy Seun

Die tempel word ingewy. Paslik doen Salomo dit met 'n gebed en dan offers. Hierdie geïnspireerde gebed van Salomo leer ons 'n belangrike aspek van ons verhouding met die Here. Ons verhouding met Hom is 'n verbondsverhouding (vers 23). Die tempel is die simbool daarvan. In die allerheiligste van die tempel staan die ark. Binne-in die ark is die twee kliptafels – die verbondsbepalings van die Here vir sy volk. In sy gebed vra Salomo veral een ding: dat elke sondaar wat met 'n berouvolle hart na die tempel toe bid deur God vergewe sal word. Daarmee erken hy dat hierdie verhouding net op een manier verbreek word: deur die sonde van die volk. Daarom is die tempel 'n plek van offers en 'n plek van gebed: in die Ou Testament was dit die manier van versoening en herstel. Hoeveel keer offers en gebed nog by hierdie tempel gebring sou word, sou Salomo nie kon droom nie. Maar op 'n dag het dit tog onnodig geword, omdat Christus deur sy volmaakte offer die finale versoening tussen ons en God bewerk het. Op 'n dag was dit nie meer nodig om na die tempel toe te bid nie, maar deur Christus. Toe is Salomo se pleitrede by die inwyding van die tempel in Christus beantwoord. In Hom het God die nuwe verbond gesluit. Nuut, maar nog steeds gebaseer op berou, bekering en gebed in die Naam van ons Verlosser. God luister na elke berouvolle hart. Elke gebed wat in waarheid in die Naam van sy Seun tot Hom gerig word, hoor en verhoor Hy. *“Daar is geen mens wat nie sondig nie”* sê Salomo in vers 46. Hoe goed weet ons dit nie, want elkeen van ons doen sonde. Maar wat 'n genade dat ons kan glo aan die belofte van God dat Hy niemand wat met berou in ootmoed na Hom toe kom, sal uitwerp nie. Kom dan in vrymoedigheid na sy troon van genade.

Sing: Psalm 147:1,2

Ds PH Fick (Komatipoort)